**Augustus: God troos sy kinders deur sy almag**

Sondag **4 Augustus**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 10:12-22**

**Fokusgedeelte: Deuteronomium 10:14-15, 17-18**

**Die troos van God se grootheid en uitverkiesende liefde, in ons liefde vir Hom**

Om die Here van harte lief te hê, Hom te dien en te gehoorsaam, klink na ’n baie eenvoudige en maklike opdrag. Tog kry ons keer op keer in die Bybel die oproep om die Here lief te hê. Hoe maklik val ons nie maar weer terug in ons liefde vir onsself nie? Ons dien ons eie behoeftes en luister net na ons eie begeertes. Om die Here bo alle dinge lief te hê, bly vir ons ’n moeilike taak.

Waar die volk nou op die punt staan om in die beloofde land in te trek, onderrig Moses hulle vir oulaas in die Here se Wet, wat aan ons leer hoe ons God moet liefhê. Maar saam met die opdragte gee hy ook ’n motivering hoekom ons God moet liefhê en gehoorsaam, naamlik: God se grootheid en sy uitverkiesende liefde.

Hy wys ons op God se grootheid wanneer hy sê dat alles in die hemel en op aarde aan die HERE behoort (vs 14). Selfs die hoogste hemel, met ander woorde dit wat bo die mens se waarnemingsvermoë is, behoort aan die HERE. Hiermee word God se absolute soewereiniteit oor die skepping beklemtoon. Hy word nie deur ons as mense omgekoop of deur ons goeie werke verplig om iets te doen nie. Hy is die grote, magtige en gedugte God aan Wie alle lof en eer en heerlikheid toekom (vs 17)!

Hierdie grote God het egter in sy liefde ons uitverkies uit al die skepsels en uit alle mense, om sy kinders te wees. Hy het uit loutere genade ons deel laat kry aan die verbond wat Hy met Abraham gesluit het – sodat Hy vir ons ’n God is en ons sy kinders! Ons kan net daarin deel omdat Christus ons met God versoen het. Waar God ons weens ons liefdeloosheid moes straf met die dood, het Christus die volle prys vir ons sondes betaal.

Kom ons vind ons troos in God se grootheid (sy almag) en in sy uitverkiesende liefde. ’n Troos waarmee die Gees ons lei om Hom van harte lief te hê en te eer in ons hele lewe.

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. PR (Retief) Gouws (Bergsig)*